

EXAMINATIONS AND ASSESSMENT CHIEF DIRECTORATE

Home of Examinations and Assessment, Zone 6, Zwelitsha, 5600

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, Website: www.ecdoe.gov.za

2023 NSC CHIEF MARKER'S REPORT

SUBJECT	AFRHL		
QUESTION PAPER	1	2X	3
DURATION OF QUESTION PAPER			
PROVINCE	EASTERN CAPE		
DATES OF MARKING	04/12/2023 – 18/12/2023		

SECTION 1: (General overview of Learners Performance in the question paper as a whole)

Nog steeds het COVID-19 'n geweldige invloed op ons leerders en die 2023 – kandidate het vir die eerste keer in September 'n volle eksamen in Afrikaans Huistaal geskryf.

Die Oos-Kaap het beter gedoen , maar die leerders het gebuk gegaan onder 'n riller van 'n eksamenrooster. Die feit dat Toerisme direk na Afrikaans Vraestel 2 gevvolg het en Rekeningkunde die volgende dag, het die leerders onder geweldige druk gesit, veral inaggenome dat die Matrieks van 2023 nie eksamen-fiks is nie.

Daar was 'n verbetering in die kandidate se antwoorde en dit was nie altyd so generies nie. Daar was veral minder storievertelling- veral by die Drama en Roman.

Die kandidate het minder papegaai-geleerde langvrae geskryf, alhoewel leerders nog steeds sukkel om by die langvraag 'n volledige feit en verduideliking te gee. Meeste kandidate sal net raak aan die onderwerp van die vraag en nooit dit regtig bewys nie. Swak kandidate val egter nog terug op "storievertelling".

Onderwysers word aangeraai om die afgelope paar jaar se November-, September- en Junie-vraestelle te bestudeer, sodat wanneer daar in die klas die roman en teks gelees word, ingeligte bydrae gelewer kan word. Stop in die teks en wys uit voorbeeld van konflik, neweteks se mening, en ander vroeë wat gereeld gevra word. Sodoende word die vraestelle lewendig en verstaanbaar en nie los van die werk in die klas nie. Dit is ook belangrik om die leerders voor te berei vir die verskillende tipes vraagstelling in die vraestel. Dit is van kardinale belang dat leerkrags hulle leerders leer hoe om 'n vraag te ontleed, deur na die werkwoorde en bepunting te kyk. Die leerders het vele kere die tweede gedeelte van 'n stapelvraag gemis en nie eers probeer antwoord nie. Onderwysers moet

asseblief hulle leerders leer dat indien daar meer as een punt gegee word by 'n vraag, daar meer as een feit of punt geskryf moet word.

Oor die algemeen gaan dit jaar na jaar beter in Vraestel 2 en die leerders het 'n moedige poging aangewend om die vraestel goed te beantwoord. Daar was feitlik geen keuse foute (waar leerders al twee kontekstuele vroe in die Roman en die Drama beantwoord) nie.

SECTION 2: Comment on candidates' performance in individual questions

QUESTION 1: Die bokser

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Baie min kandidate het hierdie vraag beantwoord en die wat dit aangepak het, het gruwelik in die hek gedui.

Dit wil voorkom asof hulle nie die term "kwesbaarheid" verstaan nie. Leerders (moontlik wees swak voorbereiding) kon nie onderskei tussen "sprekersperspektief", "woordgebruik" en "retoriiese middele" nie.

Meeste kandidate wat hierdie vraag beantwoord het, het bloot die gedig net in 'n opstel formaat oorgeskryf en het dis geen insig oor wat daar van hom/haar verwag word nie. Selfs waar die gedig net oorgeskryf is, het die leerder darem gehou by 'n goeie formaat, naamlik inleiding, liggaam en slot.

(b) Why were the questions poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Die skryf van 'n goeie literêre opstel bly 'n uitdaging. Die kandidate het nie geweet waarna verwys word in die vraag nie. Dus het hulle glad nie by die "sprekersperspektief", "woordgebruik" en "retoriiese middele" uitgekom nie.

Die meerderheid kandidate het bloot die gedig net afgeskryf in 'n opstel formaat, met geen terugverwysing na die vraag nie.

'n Gebrek aan behoorlike taalgebruik en woordeskat laat die kandidate ook in die steek. Hul sukkel werklik om sinvolle gedagtes korrek neer te skryf. In die opstelvraag is die korrekte toon en styl deurslaggewend.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Dit is van groot waarde om die swakker kandidate nog steeds aan die hand van die PVI-metode te onderrig vir die beantwoording van die opstelvraag. Alhoewel daar nie nagesien word met die PVI - metode as riglyn nie, help dit verseker die swakker kandidaat om hulle argumente met omskrywings of aanhalings uit die teks te staaf.

Onderrig die sterker kandidaat om elke stelling wat hy/sy maak terug te verwys na die vraag en of hulle dan kan sien dit wat hul neergeskryf het wel die vraag beantwoord.

Begin die opstel met 'n kort inleiding (die vraag moet net geparafraseer word), maar waak daarteen dat dit klink asof 'n toespraak of preek volg. Die kandidaat moet dit teen sterkste vermy om in die eerste persoon te skryf ("In die opstel wat volg, gaan **ek...**"). Dit is opvallend hoe baie leerders nog steeds die eerstpersoon gebruik maak, veral in vraestel 2.

Die leerder moet in die liggaam van die opstel (paragraaf 2, 3, 4 en NIE net een NIE) die vraag beantwoord deur telkens 'n PUNT te maak en daardie PUNT met 'n VERDUIDELIKING óf 'n ILLUSTRASIE uit die gedig te ondersteun.

Moet onder geen omstandighede van kolpunte of opskrifte gebruik om argumente of verduidelikings aan te duい nie.

Die nasienier is op soek na 'n reeks treffende argumente. 'n Reeks treffende argumente, is stellings wat met:

- relevante verduidelikings gemotiveer word;
- korrekte, gepaste aanhalings uit die gedig gemotiveer word of
- geparafraseerde aanhalings uit die gedig gemotiveer word.

'n Treffende argument is nie noodwendig in die formaat- punt, verduideliking én illustrasie nie. Sluit die opstel met 'n kort, samevattende slot af – en moenie nuwe feite hier noem nie. Let asseblief ook deurgaans op die taalgebruik.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Kandidate moet asseblief geleer word om elke nuwe vraag op 'n nuwe bladsy te begin, met die vraagnommer bo-aan. Ook moet daar seker gemaak word dat die kandidaat netjies skryf. Soms is dit bitter moeilik om 'n antwoord te lees.

QUESTION 2: Susan Boyle

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Die vraag is in die algemeen meer beantwoord as enige van die ander gedigte en die leerders het goed gedoen.

(b) Why were the questions poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

- 2.1 Dit was 'n billike vraag en die meeste kandidate kon beide punte kry. Sommige het egter nog steeds gesukkel om hulself uit te druk. Die kandidate het gesukkel (met die tweede gedeelte) om te verwoord dat Susan Boyle net 'n nommer in die oë van die beoordelaars was.
- 2.2 Meeste kandidate kon die beeldspraak verduidelik, maar nie benoem nie. Dit

- is in die leerders se belang dat basiese literêre begrippe deeglik onderrig word.
- 2.3 Kandidate weet nie wat is halfrym nie, meer spesifiek alliterasie en assonansie. Alliterasie is die herhaling van 'n medeklinker. Dit is nie noodwendig aan die begin van die woord nie en kan ook in die middel of einde voorkom.
- 2.4 Dit was 'n billike vraag en meeste kandidate het goed gevra in hierdie vraag. Die leerders wat dit verkeerd gekry het, het gepraat van Les Misérable en het die vraag verwarring met intertekstualiteit. Die leerders moes by Susan Boyle se **droom** uitgekom het.
- 2.5.1 Oor die algemeen het die leerders die vraag goed beantwoord, maar die wat daarmee gesukkel het, het die woord "troeteltalent" verwarring met 'n troeteldier. Die tweede deel van die vraag het die leerders heeltemal gemis.
- 2.5.2 Die leerders verstaan nie wat bedoel word met "TWEE opeenvolgende" woorde nie en het sommer lukraak twee aparte woorde aangehaal.
- 2.6 Billike vraag, alhoewel die leerders gesukkel het om uit te kom by die feit dat Susan Boyle nou "wêreldberoemd" is. Leer die kandidate om te sê wat **verwag** word, **maar** die teenoorgestelde is bewys. Selfs die topkandidate sukkel nog om lekker agter die kap van die byl van 'n ironiese vraag te kom.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

- OPEENVOLGENTE woorde moet verduidelik en onderrig word. Dit is pasella punte en onnodig dat leerders dit verkeerd kry.
- Fokus op verskillende letterkundige begrippe, soos byvoorbeeld beeldspraak.
- Moedig kandidate aan om die werkwoorde en voegwoorde in elke vraag te glim/ onderstreep. Op so 'n manier sal hulle dadelik sien wat verwag word EN of daar meer as een antwoord gegee moet word.
- Alliterasie is die herhaling van 'n medeklinker. Dit is nie noodwendig aan die begin van die woord nie en kan ook in die middel of einde voorkom.
- Ironie: Kandidate moet sê wat **verwag** word, **maar** die teenoorgestelde is bewys.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

- Fokus op die onderrig van basiese stylfigure, halfrym, opeenvolgende woorde en ironie.
- Kyk ook na die beantwoording van vrae.
- Ironie bly die tameletjie van die Letterkunde vraestel. Weinig leerders het hierdie vraag reggekry.

- Al twee kante van die ironie moet aangewys word.
- Die gepaste voegwoord wat hier moet gebruik word, is die woord **maar**. Leerders moet geleer word dat **want** nie hier sal werk nie.
- Kandidaat moet weergee wat verwag word teenoor wat fisies of in die werkliekheid gebeur.

QUESTION 3: 27 April 1994

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Vraag 3 het saam met Vraag 2 voorkeur by die kandidate geniet. Die vraag is gemiddeld beantwoord. Terme soos STEMMING en PROGRESSIE het gedien as uitdagings.

(b) Why were the questions poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

- 3.1 Maklike vraag. Baie kandidate het dit reg beantwoord. Dit wil egter voorkom asof sommige kandidate verkeerde agtergrond inligting gekry het, bv. "einde van apartheid/ toe Mandela vrygelaat is"
- 3.2 Kandidate sukkel om die **stemming** aan te dui. **Wenk: Toon** = is die houding van die spreker en **Stemming** = die gevoel wat by die leser aangewakker word.
Dit is ook belangrik om te onthou dat "vryheid" op sig self nie as 'n stemming kan dien nie, maar wel "'n gevoel van vryheid". Baie kandidate het ook "stemming" verstaan as "stem by die verkiesing" en het dus die vraag verkeerd interpreteer.
Die tweede gedeelte: "Twee maniere waarop hierdie stemming geskep word", het die kandidate die woord "maniere" verkeerd verstaan en die eerste strofe net weer omskryf. Die "maniere" wat hier gevra word is klankeffekte/ tipografie/beeldspraak/ woordkeuse/ enjambement.
- 3.3 Meeste kandidate kon die beeldspraak benoem, maar het kleigetrap met die verduideliking daarvan. Die "skanse van die vel wat val" is die skeiding op grond van velkleur wat verby is.
- 3.4 Byna geen kandidaat het hierdie vraag reg beantwoord nie. Grootliks omdat die vraagstelling misleidend was. Die leerders het nie besef dat die "vry" in versreël 12 is alreeds 'n herhaling van die "vry" in versreël 6 nie.
Die kandidate verstaan ook nie die term, "progressie", wat ontwikkeling beteken, volledig nie.
- 3.5 Billike vraag, maar min kandidate het vraag volledig beantwoord om 'n punt

te kry. **Wenk:** Indien daar gevra word of die strofebou gepas is (in hierdie geval 'n koeplet), moet die leerder gewoonlik verwys na die hoeveelheid versreëls of die tipografie en hoe dit skakel met die inhoud.

- 3.6 Meeste leerders het gesukkel om twee punte uit te kom en het gewoonlik net een punt hier verwerf.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

- **Toon** = is die houding van die spreker en **Stemming** = die gevoel wat by die leser aangewakker word.
- Indien daar gevra word of die strofebou gepas is (in hierdie geval 'n koeplet), moet die leerder gewoonlik verwys na die hoeveelheid versreëls of die tipografie en hoe dit skakel met die inhoud.
- Kandidate moet duidelik verduidelik word wat bedoel met "progressie" in 'n gedig bedoel word.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Kandidate moet kort en bondige antwoorde gee. Dit is baie belangrik om kandidate daarop te wys dat hul seker moet maak dat hul al die aspekte wat in 'n vraag na vore kom, moet beantwoord.

Veral die beter kandidate omskryf eers die vraag en na 'n lang relaas kom hulle by die antwoord uit. Kandidate moet onderrig word om tot 'n punt te kom - die verduideliking kan na die tyd geskryf word.

QUESTION 4: 'n Paternoster vir Suid-Afrika

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Die kandidate het die meeste gesukkel met hierdie vraag. Progressie en vraagstelling het die kandidate gepootjie.

(b) Why were the questions poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

- 4.1 Meeste kandidate kon hierdie vraag beantwoord, alhoewel talle leerders nog steeds die hele versreël aangehaal het.
- 4.2 Kandidate het twee emosies genoem, maar het gesukkel om by twee VERSKILLENDES uit te kom, dus het meeste leerders net een punt hier verdien.
- 4.3 Die leerders kon maklik die woord in strofe 4 wat op progressie dui, aandui. Die

probleem het egter ingekom met die woord, "impliseer". Meeste leerders het die letterlike verduideliking van wat gebeur in die strofe geskryf. Die figuurlike betekenis van hierdie woorde is nie gegee nie.

- 4.4.1 Leerders kon nie die stylfiguur benoem nie en het net die letterlike betekenis van liefdevolle hande genoem of die versreël net so oorgeskryf.
- 4.4.2 Dit is duidelik dat baie min kandidate die vraag verstaan het en het net geskryf oor vriendskap tussen die twee kinders. Die vraagstelling het die leerders heeltemal gegooi en onderwysers moet spesifiek na hierdie vraagstelling kyk en onderrig. Die tipe vraag maak al hoe meer sy verskyning in Vraestel 2.
- 4.5 Weereens het die figuurlike betekenis die leerders laat struikel. Sommige kon nog die letterlike deel van die vraag verduidelik

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

- Progressie/ ontwikkeling moet met vir die leerders onderrig word.
- Stylfigure, retoriiese middels, beeldspraak en tipografie moet onderrig word in die klas.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Die letterlike en figuurlike (geïmpliseerde) beeld moet verduidelik en onderrig word.

Dit wil voorkom of die leerders nie rērig die figuurlike boodskap van die gedig verstaan nie en neig die hele tyd na die letterlike betekenis. Probeer die gedig eers in die geheel behandel, voor daar na strofe vir strofe gekyk word.

QUESTION 5: Bont

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Die ongesiene gedig is oor die algemeen goed beantwoord. Die eksaminator het die leerder goed tegemoet gekom.

(b) Why were the questions poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

- 5.1 Billike vraag en selfs die swak kandidate het hier 'n punt verwerf.
- 5.2 Meeste kandidate het uitgekom by alliterasie, maar die tweede gedeelte van hierdie vraag het die kandidate gepootjie. Die leerders het nie lekker verstaan wat die eksaminator van hulle verwag nie.
- 5.3 Billike vraag. Dit is egter nog steeds broodnodige vir leerkragte om te fokus op die verstegniese aspekte in die klas.
- 5.4 Die vraag het die meeste kandidate reg gekry. Let egter op dat daar net drie

woorde gevra is, en vele kandidate het 'n uitgerekte verduideliking eers gegee.

- 5.5 Leerders ken nie stylfigure nie, en in hierdie spesifieke geval nie die funksie van 'n polisindeton nie.
- 5.6 Billike vraag.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Kandidate moet gereeld die geleentheid kry om ongesiene gedigte te oefen. Gee voorbeeld uit ou vraestelle vir u kandidate om as 'n vinnige klastoets te beantwoord en maak hul gewoond aan hierdie soort vraag.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Die ongesiene gedigte moet binne die kandidate se verwysingsveld wees. Maak seker die keuse van gedigte in skooleksamens is gepas vir die teikengehoor – gedigte uit hul ervaringswêreld.

QUESTION 6- Onderwêreld: Langvraag

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Die leerders het gesukkel om uit te kom by hoe Greg beïnvloed was deur magsmisbruik en self magsmisbruik toegepas het. Baie het "opstand teen mag" verwarring met magsmisbruik.

(b) Why were the questions poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

- Kandidate het nie die vermoë om argumente te vorm nie en moet in die klas blootgestel word aan verskeie onderwerpe en temas.
 - Ongelukkig is daar nog steeds onderwysers wat hulle leerders vooraf 'n langvraag laat leer en dan skryf die leerder dit ongeag wat die vraag is.. Soms het 'n hele sentrum dieselfde (verkeerde) opstel geskryf. Konflik, Karakterontwikkeling en Verlies was van die mees gewildste onderwerpe.
 - Struktuur van die opstelle is baie swak.
 - Onsamehangende inhoud: skryf rond en bont of irrelevant tot die vraag.
 - Swak, of geen inleiding en slot. Dit is iets wat onderrig moet word in die klas.
- Die **Inleiding** moet relevant wees tot die vraag en bondig. Die **Slot** moet

aansluit by die **Inleiding**, en nie nuwe inligting bevat nie.

- Beplanning was in die algemeen baie swak en dit lei tot swak opstelle. Dit is baie belangrik om die kandidate te onderrig in hoe 'n beplanning werk en hoekom dit so belangrik is. Veral vir leerders wat nie van die PVI-metode gebruik maak nie, is dit nodig om hulle gedagtes eers te orden voor hulle die finale produk skryf.
- Sinkonstruksie moet aandag geniet. Die sinne is geneig om te lank en lomp te wees. Dit veroorsaak dat leerders belangrike punte mis.
- Paragrafering is ook baie belangrik. Leerders neig nog om een lang middel paragraaf te skryf. Onthou om een gedagte te hou tot een of twee paragrawe.
- Daar is nog steeds leerders wat kolpunte en/of opskrifte gebruik. Onderrig leerders dat dit glad nie die korrekte formaat is nie.
- Kandidate hou nie by die aantal woorde nie. Hulle skryf óf te lank óf te kort, wat dui op swak beplanning.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

- Dit is van kardinale belang om leerders aan die **rubriek** bloot te stel. Bespreek dit met leerders en verduidelik hoe daar gemerk word. Bv. Die onderwyser maak 'n klein kolletjie vir 'n feit wat net genoem word, en dan kry dit 'n hoofletter K met 'n sirkel om, indien die feit goed gemotiveer is. Nadat die onderwyser deur die opstel gelees het, die verskillende halwe en volle feite aangedui het en ook die taalfoute aangewys het, gaan jy na die rubriek. Begin in die middel, by GEMIDDELD. Kyk of jy by elke punt in INHOUD 'n regmerkie kan kry. Ook of dit kan opskuif na KNAP of eerder af na Elementêr. Doe dit ook in die STRUKTUUR EN TAAL-gedeelte.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

- Meeste kandidate vertel net die storie en noem dalk toevallig iets oor magsgebruik. Hulle kom ook nie uit by hoe die magsgebruik Greg bevoordeel of benadeel het nie.
- Leerders sukkel om argumente te formuleer en sukkel ook om dit te staaf. Dit is iets wat in die klas ingeoefen word.
- Daar is ook nog sentrums wat deur die bank feite foute (bv. Wiskunde punt verander of Eckardt se pa is dood). Indien dit nie gesê word in die boek nie

(selfs al staan dit in die opvolgroman) kan dit nie aanvaar word nie.

QUESTION 7: Onderwêreld – Kortvrae.

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Hierdie vraag is in die algemeen beter beantwoord as die langvraag. Daar is al minder kandidate wat glo daar is iets soos 'n tweedepersoonsverteller.

(b) Why were the questions poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

- 7.1 Meeste leerders het hierdie vraag reggekry. Sommige het egter vergeet om te spesifieer die BEGIN van die jaar/ kwartaal.
- 7.2 Hier het die leerders in die algemeen al twee punte gekry. Soms was die verhouding met pa net nie duidelik aangedui nie.
- 7.3.1 Nie al die kandidate het "antagonisme" en "onregverdigte" verstaan nie. Hulle het ook dit gemis dat daar twee punte was by hierdie vraag en dus het die eksaminator twee redes gesoek.
- 7.3.2 "slotsom" het die leerders gegooi en hulle het nie verstaan dat hier na die einde van die roman verwys word nie. Leerkragte moet asseblief dit in die klas onderrig.
- 7.4 Billike vraag.
- 7.5 Die leerders het weereens gesukkel met die terminologie "enersyds" en "andersyds". Dit is reeds in die Junie 2023- eksamen gebruik. Dit is dus baie belangrik dat onderwysers na vorige eksamenskrifte kyk, om sodoende hulle leerders doeltreffend voor te berei vir enige vorm van vraagstelling.
Die leerders het ook "slot van die roman" gemis en dus verkeerd geantwoord.
- 7.6.1 Die eerste deel het die leerders nie lekker verstaan nie en het aangeneem omdat hier verwys word na Eckardt, dit outomaties te doen sal hê met hacking. Dit verwys egter na rekenaartaal of binêre kode. Die tweede deel van die vraag het meeste leerders reg gekry.
- 7.6.2 Leerders het nie Eckardt deel van die eerste gedeelte gemaak nie en het ook gesukkel om by die "gevolg" uit te kom. Baie van die vroeë was vaag en generies.
- 7.7 Hierdie vraag was goed beantwoord.
- 7.8 Dit is goed om te sien dat die leerders 'n eerstpersoonsverteller kon identifiseer. Hulle het egter nie altyd die tweede gedeelte van die vraag spesifiek na aanleiding van Greg beantwoord nie. Waak teen te generiese

antwoord. Die fokus was op Greg en sy emosies.

- 7.9 Min kandidate het by die antwoord uitgekom en indien die eerste deel verkeerd was, was die kanse skraal vir 'n regte antwoord by die tweede gedeelte van die vraag. Turret media was bankrot en Mn. Owen het rondgeskarrel om geld te kry. Die leerders het ook nie by die "invloed van geld" gekom nie.
- 7.10 Swakker kandidate het hier eerder geskryf wat Greg verkeerd gedoen het en nie uitgekom by Mn. Owen se bedrywigheude nie. Dit is belangrik om te onthou dat in hierdie roman daar nêrens werklik gesê word dat die regter dood is nie. Dus word dit as 'n feite fout gesien.
Ironie bly steeds 'n uitdaging om reg te beantwoord.
- 7.11 Die vraagstelling- enersyds en andersyds verwarr die kandidate. Leerkrugte moet asseblief dit onderrig in die klas, dit is al in die twee laaste vraestelle van die DBE gebruik.
Die woord "lafhartigheid" het probleme veroorsaak en die leerders kon nie die volle term verduidelik nie. Bv. Mn. Owen en Dok Pienaar is aangekla van bedrog, maar in plaas daarvan om hulle straf te vat- koop hulle die regter om.
- 7.12 Kandidate het dit meestal reg gekry. Oefen met die kandidate dat hulle dadelik kan raaksien dat hier twee dele is van die vraag wat beantwoord moet word.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Die teks moet behoorlik gelees en geïnterpreteer word. Goeie resultate kan nie verwag word indien die kandidate nie die storie en die karakters ken nie.

Onderwysers moet tydens die lees van die teks hier en daar stop en die soort vrae wat in hierdie vraestel gevra word op daardie bladsy/e wat gelees word, toets. Dit is nie net genoeg dat die kandidate die storie ken om dit te kan vertel nie. Laat hul met die lees van die teks al afleidings maak, die rol van die verteller bekyk, verskille en ooreenkoms aandui, ens. Gebruik hierdie vrae as templaat en staan stil by enige bladsy/e en toets kandidate se insig oor enige gedeelte in die teks aan die hand van hierdie kontekstuele vrae. Kandidate moet ook ou vraestelle se vrae uitwerk eerder as net 'n string inhoudsvrae.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Laat die kandidate gereeld inhoudstoetse skryf, maar maak kandidate gewoond aan die soort vrae wat in eksamens gevra word – deur na ou vraestelle te kyk en veral die memorandums van die vorige langvrae deur te werk. Dit bied wonderlike insig en

kennis van die roman wat ook in die kontekstuele vrae se beantwoording met vrug gebruik kan word.

QUESTION 14: Krismis van Map Jacobs- Langvraag

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Die kandidaat wat die langvraag beantwoord het, het beter gevaaar as dié wat die kortvrae beantwoord het.

(b) Why were the questions poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Die vraagstelling het verwag van die kandidaat om te verduidelik hoe Blanchie se keuse haar verhoudings en geluk beïnvloed. Baie leerders sou net die een of die ander verduidelik.

Dit is so dat die drama min uit Blanchie se perspektief weergee. Daarom is dit belangrik dat die onderwyser nie net die drama deurlees nie, maar ook tyd en aandag gee aan die verskillende karakters.

Alhoewel PIV-metode werk vir swakker kandidate, skiet dit die sterker kandidate in die voet. Probeer eerder vir die sterker kandidate leer om 'n stelling/onderwerp te skryf en 'n voorbeeld wat dit ondersteun. In die verduideliking moet die leerder weer uitkom hoe dit skakel met die vraag.

Wenk: Elke stelling wat die leerder maak moet korreleer en aansluit by die vraag. Fokus op die formaat. Inleiding, liggaam (nie net bestaande uit een paragraaf nie) en 'n slot. Onderwysers moet nie aanneem dat leerders wel weet hoe die formaat van 'n goeie opstel lyk nie.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Die kandidate moet asseblief nie in die eerste persoon skryf ("Ek gaan nou bespreek hoe die spreker...") nie en hom/haar weerhou daarvan om te preek.

Baie leerders het ook aangevoer dat Cavernelis vir Blanchie verkoop het aan wit mans. Dit is 'n feite fout. Blanchie het uit haar eie besluit om haar pa op so 'n manier te help.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Die kandidate se taal- en skryfvermoë baar groot sorg. Keurige taalgebruik wat in samehangende sinne aangebied word, ontbreek.

Diepte van argumente ontbreek ook wat die logiese vloei en 'n sterk aanbieding

kniehalter. Dit bly deurentyd belangrik dat daar 'n goue draad deur die opstel loop wat elke keer na die vraag terugverwys.

QUESTION 15: Krismis van Map Jacobs – kortvrae

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Leerders het swakker gevaaar in hierdie vraag as in die langvraag. Dit is belangrik dadt leerders die drama meer as een keer deurlees en ook moeite doen om te hoe die verskillende gebeure/tonele volg op mekaar.

(b) Why were the questions poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

- 15.1 Sommige leerders het hierdie vraag verkeerd beantwoord, omdat hulle nie lekker weet hoe die tonele opmekaar volg nie. Cavernelis kom hier van sy "soft goods"- verkope en nie van die poloniefabriek nie.
- 15.2 Dit was 'n billike vraag. Leerders het dit goed dit behandel.
- 15.3 Vraag is goed beantwoord.
- 15.4 Vraag is goed beantwoord.
- 15.5 Eerste deel is goed beantwoord, maar die tweede deel het die kandidate te generies geantwoord. Dit was nodig vir die leerders om uit te kom by hoe opdringerig La Guma was.
- 15.6 Die vier punte het die leerders gegooi en baie min het tot en met 4 punte genoem.
- 15.7 Baie leerders het nie by die regte antwoord uitgekom nie. Die antwoord moes eerder fokus op die lewe in die township, as om te fokus op La Guma se lewe in die township.
- 15.8 Eerste deel was goed beantwoord. Tweede deel is beter beantwoord, maar baie kandidate verval nog in generiese antwoorde. Die antwoord moet fokus op Maud en die gevoel wat sy ervaar.
- 15.9 Vraag is goed beantwoord.
- 15.10.1 Leerders het uit hulle eie verstaan van die teks gereageer en nie noodwendig hoe die karakters in die drama voel oor Blanchie nie. Alhoewel die karakters skinder oor Blanchie, is sy nog steeds gelief in die township.
- 15.10.2 Die leerders kon nie die nydigheid van Maud se karakter insien nie.
- 15.11 Die leerders kon duidelik die tipe konflik uitken. Dit is egter nodig vir die kandidate om duidelik aan te dui hoe die uiterlike konflik gelyk het.
- 15.12 Kandidate moet in die klas onderrig ontvang in die verstaan van enersyds en andersyds. Min kandidate het by die stemming gedeelte uitgekom.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Onderwysers moet vooraf deur ou vraestelle werk en dit in die teks byskryf. Met die lees van die teks, kan die onderwyser dan die kandidaat bewus maak van moontlike vrae en hoe dit getoets word.

Die teks kan nie net deurgelees word nie. Gesels met leerders oor elke karakter, sy eienskappe en gevoelens. Maak ook seker dat leerders die neweteks verstaan.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Skryf gereeld inhoudstoetse en maak kandidate gewoond aan die vraagstelling van die nasionale vraestelle.

Help leerders hoe om 'n vraag te ontleed, deur met 'n glimpen die werkwoorde en voegwoorde in te kleur. Dit is ook belangrik dat die leerders kyk na hoeveel elke vraag tel, voor hulle dit beantwoord.

QUESTION 16 – Mis- Langvraag**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Daar is min sentrums wat Mis in die Oos-Kaap behandel.

Leerders het eerder die langvraag gedaan, in plaas van die kortvrae. Die wat die langvraag gedaan het, het ook baie beter gedaan as die kandidate wat die kontekstuele vrae beantwoord het.

(b) Why were the questions poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

Die milieu het die leerders 'n bietjie gepootjie. Dit was ook moeilik vir die leerders om by die effek van die besluite gehad het op Meisie.

Die kandidate het beslis die literêre opstel baie goed hanteer. Waar die kandidate vorige jare in storievertelling verval het en dit nie aan die die gebeure gekoppel het nie, is dit verblydend om te sê dat dit nie hierdie jaar die geval was nie.

'n Gebrek aan behoorlike taalgebruik/woordeskataat laat nog steeds vele kandidate in die steek.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Begin die opstel met 'n kort inleiding (niks meer as die onderwerp in bondige, eie woorde is nodig nie) en moenie dit laat klink asof 'n toespraak volg nie. Die kandidate moet asseblief nie in die eerste persoon skryf ("Ek gaan nou bespreek hoe die spreker...") nie.

Die leerder moet nou in die lyfgedeelte van die opstel (paragraaf 2,3,4) die vraag beantwoord deur telkens 'n STELLING te maak en dan dit met 'n VERDUIDELIKING of

'n ILLUSTRASIE uit die drama te ondersteun. Dit is egter belangrik om te onthou dat die punt weer moet aansluit by die vraag en openingsparagraaf. Argumente moenie met kolpunte aangedui word nie.

Die nasiener is op soek na 'n reeks treffende argumente. 'n Reeks treffende argumente, is stellings wat met:

- relevante verduidelikings gemotiveer word;
- korrekte, gepaste aanhalings uit die drama gemotiveer word of
- geparafraseerde aanhalings uit die drama gemotiveer word.

'n Treffende argument is nie noodwendig in die formaat punt, verduideliking én illustrasie nie.

Sluit die opstel met 'n kort, samevattende slot af – geen nuwe feite word hier genoem nie. Die taalgebruik moet ook deurgaans formeel en keurig wees.

(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

Die kandidate se taal- en skryfvermoë wek groot kommer. Jaarliks kan daar 'n verswakkering bespeur word. Keurige taalgebruik wat in samehangende sinne aangebied word, ontbreek.

Kandidate moet onthou dat die merkers alreeds die drama ken en dus nie 'n agtergrond benodig nie. Spring dadelik weg met die verduideliking van die vraag. Diepte van argumente ontbreek ook, wat logiese vloei en 'n sterk aanbieding pootjie.

Dit bly deurentyd belangrik dat daar **'n goue draad deur die opstel loop wat elke keer na die vraag terugverwys.**

QUESTION 17: Mis - kortvrae

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

Die kandidate wat die kortvrae aangepak het was in die minderheid en het ook baie swakker gevaaar as in die langvraag.

(b) Why were the questions poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

17.1 Meeste leerders het die eerste gedeelte van die vraag reg gehad, hulle het egter gesukkel om hulself uit te druk in die tweede gedeelte.

17.2.1 Dit is belangrik dat leerders die vraag goed lees en onthou indien dit se dat die vraag uit 'n spesifieke gedeelte kom, die antwoord ook dan daar uit moet

kom. Dit was 'n maklike twee puntjies indien die leerder net in reëls 5 tot 9 vir 'n antwoord gaan soek het.

17.2.2 Billike vraag.

17.2.1 Weereens was dit belangrik om na die spesifieke spreekbeurte (nl. reël 4 en 10) om sodoende die korrekte antwoord te kry. Al twee persoonlikheidsaspekte moes gegee word vir een punt.

17.2.2 Die lang vraagstelling het die kandidate gevang. As onderwyser moet u asseblief hulle leer om dit op te breek. Sodoende sal hulle beter verstaan wat gevra word.

17.2.3 Indien die leerder gesukkel het met die vorige twee vrae, het hy/sy ook hier gesukkel. Hulle moenie moedeloos raak met so 'n lang vraag nie en dit net opbreek en elke een probeer afsonderlik antwoord. **NB** die punt is nie gegee vir die persoonlikeienskap nie, maar wel vir die twee bewyse.

17.7 Die leerders het moontlik net die Groot Depressie geskryf en nie uit gekom by die feit dat hulle die plaas verloor het nie. Die tweede gedeelte van die vraag is ook heel billik.

17.8 Let op dat die leerders nie hier 'n punt kry vir die karakter se naam nie, maar wel vir die motivering.

17.9 Alhoewel die vraag billik was, sukkel leerders nog om ironie te beantwoord.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

Onderwysers moet met die lees van die teks stop en die soort vrae wat in hierdie vraestel gevra word op daardie bladsy/e wat gelees word, toets. Dit is nie net genoeg dat die kandidate die storie ken om dit te kan vertel nie. Laat hul met die lees van die teks al afleidings maak, die rol van die verteller bekyk, verskille en ooreenkomsste aandui, ens. Gebruik hierdie vrae as templaat en staan stil by enige bladsy/e en toets kandidate se insig oor enige gedeelte in die teks aan die hand van hierdie kontekstuele vrae.